

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark

Gesinserediens saamgestel deur:

Dr. Ernst Endres - 31 Mei 2020



1. VOTUM

²Ek wil die Here loof
en nie een van sy weldade vergeet nie.
³Dit is Hy wat al my sonde vergewe,
wat al my siekte genees,
⁴wat my red van die graf
en my met liefde en ontferming kroon,
⁵wat my die goeie in oorvloed laat geniet,
my die jeugdige krag van die arend skenk.

2. SEËNGROET

³Genade en vrede vir julle
van God ons Vader en die Here Jesus Christus,
⁴wat Homself vir ons sondes gegee het
om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld
en so die wil van God ons Vader te volbring.
⁵Aan God kom die heerlikheid toe tot in alle ewigheid! Amen.

3. LOFLIED

1. Laat ons sing van ons Verlosser,
Hy wat wys hoe liefde lyk.
Deur Sy kruisdood het die Here
Self sy hand na ons gereik.

Sing, o sing van ons Verlosser,
Aan die kruis het Hy gely.
Deur sy dood bring Hy versoening,
Van ons skuld maak Hy ons vry



2. Laat ons praat met almal om ons
oor die hoop wat in ons leef.
Jesus Christus het in liefde
Al ons sonde ons vergeef.

Sing, o sing van ons Verlosser,
Hy oorwin die dood en hel.
Ons het deel aan sy oorwinning –
Oral wil ons dit vertel.

4. GEBED

Ons Vader wat in die hemel is,
laat u Naam geheilig word;
¹⁰laat u koninkryk kom;
laat u wil ook op die aarde geskied,
net soos in die hemel.
¹¹Gee ons vandag
ons daaglikse brood;
¹²en vergeef ons ons oortredings
soos ons ook dié vergewe
wat teen ons oortree;
¹³en laat ons nie in versoeking kom nie
maar verlos ons van die Bose.
Amen

5. SKRIFLESING

Lukas 22:14-27 en Johannes 13 en 14 Tema: 'n Maaltyd eindig in chaos.
--

Laaste maaltyd

Die laaste deel van Jesus se lewe op aarde het aangebreek. Na hierdie maaltyd sou hy verraai word, daarna sterf Hy en veertig dae later keer Hy na die hemelse woning terug. Hy het baie daarna uitgesien om hierdie laaste maaltyd saam met Sy dissipels deur te bring,

Hy sê toe vir hulle: “Ek het baie daarna uitgesien om hierdie paasmaaltyd saam met julle te eet voordat Ek ly. ¹⁶Ek sê vir julle: Ek sal dit nie weer eet



voordat dit in die koninkryk van God sy volle betekenis gekry het nie.”
(Luk 22:15-16)

Die groep saam met wie Hy sy laaste maaltyd op aarde sou deur bring was Sy dissipels en ons lees dat Hy hulle tot die uiterste toe liefgehad het,

Hy het sy eie mense wat in die wêreld is, liefgehad, Hy het hulle tot die uiterste toe liefgehad. (Joh 13:1)

Belangrikste twee gaste by maaltyd

Hierdie sou egter nie 'n gewone feesmaaltyd wees nie en het baie gou in chaos geëindig. Toe die dissipels by die vertrek inkom, het hulle onder mekaar begin stry oor wie van hulle die belangrikste is,

²⁴Daar het onenigheid onder hulle ontstaan oor wie van hulle as die belangrikste beskou moet word. ²⁵Maar Jesus sê vir hulle: “By die nasies is dit so: konings speel oor hulle baas, en dié wat gesag afdwing, laat hulleself weldoeners noem. ²⁶Maar by julle moet dit nie so wees nie. Inteendeel, die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees, en die een wat die leier is, soos die een wat dien. ²⁷Wie is die belangrikste: die een wat aan tafel is, of die een wat be-dien? Tog hy wat aan tafel is, nie waar nie? Maar Ek is in julle kring soos die een wat dien. (Lukas 22:24-27)

Dit sou bepaal het wie waar aan die tafel sit. Die tafel was in 'n u-vorm en die gasheer het op die punt van die tafel gesit. Die twee belangrikste gaste sou aan sy linker en aan sy regterkant sit. Die linkerkant was vir die belangrikste gas gereserveer en dit het aan Judas Iskariot behoort, wat al met die gedagte begin speel het om Jesus te verrai (Johannes 13:2).

Voetwassing

Nadat die sitplekke uitgesorteer was, het die tweede probleem ontstaan. Die reinigingswette vir so 'n feesmaal, het bepaal dat jy by die huis moes bad en dat jou voete, wat vol stof was, by die deur afgespoel moes word. Daar was egter nie 'n slaaf by die ingang om hulle voete af te spoel nie. Nadat almal hulle sitplekke ingeneem het, was hulle voete nog vol stof en hulle kon nie met die verrigtinge voortgaan voordat hulle voete nie gewas is nie. Niemand onder die groep, wat sopas oor



belangrikheid gestry het, was bereid om die funksie van die slaaf oor te neem en die ander twaalf se voete te was nie.

Jesus het toe sy bokleed uitgetrek, 'n handdoek om sy middel vasgemaak, 'n bak water geneem en so begin Hy die voete van Sy dissipels te was:

- Hy was die voete van Petrus wat later in die vroeë oggendure met kragwoorde sou ontken dat hy Jesus ken;
- Hy was die voete van Judas Iskariot wat al met die gedagte gespeel het om Hom te verrai, in wie die duiwel later die aand sou vaar en Hom later die nag met 'n soen sou verrai;
- Hy was die voete van Thomas wat 'n paar dae later heel sinies sou sê dat as hy die littekens van Jesus se wonde nie sou sien nie, hy die sodanige storie van die opstanding nie sou glo nie,

“As ek nie die merke van die spykers in sy hande sien en my vinger in die merke van die spykers steek en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie.” (Johannes 20:25)

- Hy was die voete van Filippus wat later die aand heel ongevoelig sou vra waarheen Jesus nou eintlik heen gaan;
- Hy was die voete van die twee broers wat as die “seuns van die donder” bekend gestaan het.

Verraad word aangekondig

Nadat Jesus hulle voete gewas het, lees ons dat Hy baie ontsteld (Grieks: disturb with various emotions such as fear, put in trepidation) geword het. Dit is die derde keer in een week dat dit met Hom gebeur het. Die eerste keer was by die graf van Lasarus,

³³Toe Jesus sien dat Maria huil en dat die Jode wat saam met haar gekom het, ook huil, het sy gemoed vol geskiet en was Hy aangedaan. ³⁴Hy vra toe: “Waar het julle hom begrawe?” Hulle het vir Hom gesê: “Here, kom kyk.” ³⁵Jesus het gehuil (Johannes 11:33-35)

Die tweede keer was toe Hy besef het dat Sy verskriklike einde op hande is,



“Nou is Ek diep ontsteld. En wat moet Ek sê? Moet Ek sê: Vader, red My uit hierdie uur? Maar juis hiervoor het Ek gekom, vir hierdie uur” (Johannes 12:27).

En die derde keer: toe Hy aankondig dat een van hulle Hom gaan verrai. Nadat Jesus Sy verraad aangekondig het, het die dissipels verslae na mekaar gekyk en hulle het nie geweet wat Hy bedoel nie. Petrus het toe vir Johannes, wat aan Jesus se boesem gesit het, beduie om uit te vind wat Jesus bedoel. Hy het toe omgedraai en vir Jesus gevra, “wie is dit?” Jesus het hom nie geantwoord nie, maar ‘n stukkie brood afgebreek en in die sous gedoop. Toe gee Hy hierdie stukkie brood aan die belangrikste gas van die aand as gebaar van vriendskap en lojaliteit en Hy sê vir hom, “Wat jy besluit het om te doen, moet jy nou doen”. Hierdie sou die beslissende moment in die lewe van Judas word. Nadat Judas die stukkie brood gevat het, het die duiwel in hom ingevaar en toe storm hy soos ‘n besetene uit die vertrek uit terwyl die res van die dissipels stomgeslaan was oor sy optrede. (Johannes 13:30)

DIT WAS NAG!

Verloëning van Petrus

Asof dit nie genoeg was nie, kondig Jesus sy dood aan en daar heers groter chaos onder die dissipels. “U sal beslis nie sterwe nie”, sê Petrus vol bravade. Ek sal U met my lewe beskerm. Petrus, voordat die haan more-oggend vroeg kraai, sou jy my reeds drie maal verloën het.

Die laaste ete waarna Jesus so uitgesien het, lê in skerwe. Al hierdie gebeurtenisse was te veel vir die oorblywende dissipels en hulle was uitermate ontsteld. In hierdie chaos bring Jesus ‘n nuwe kalmte: “Julle moet nie ontsteld wees nie”. Daar wag ‘n nuwe pad op julle:

1. DIE NUWE PAD GAAN ‘N GELOOFSPAD WEES. (14:1)

- Glo in God, glo ook in My. Ons lees in Johannes 20:26-31:

²⁶Ag dae later was Jesus se dissipels weer bymekaar, en Thomas was by hulle. Hoewel die deure gesluit was, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en gesê: “Vrede vir julle!” ²⁷Daarna sê Hy vir Thomas: “Bring *jou vinger* hier en kyk na my hande; en bring *jou hand* en steek hom in my sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig.” ²⁸En Thomas sê vir Hom: “My Here en my God!” ²⁹Toe sê Jesus vir hom: “Glo jy nou



omdat jy My sien? *Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo.*" Jesus het nog baie ander wondertekens, wat nie in hierdie boek beskrywe is nie, voor sy dissipels gedoen. ³¹Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê.

ENKELE OPMERKINGS OOR ONS GELOOFSPAD MET GOD:

- God is 'n misterie. Paulus skryf dat ons slegs ten dele ken (1 Korintiërs 13:8-13);
- God is in beheer van elke aspek van die skepping, ook die lewenspad van elke gelowige (Jesaja 42:5-9);
- God wys net een tree vooruit (Psalm 37);
- Gelowiges moet leer om meer geduldig te wees en nie oorhaastig op te tree nie: "hy wat glo, sal nie haastig wees nie". (Jesaja 28:16);

2. DIE GELOOFSPAD EINDIG BY DIE VADERHUIS. (14:2-7)

- *Vaderhuis.* In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. ³En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.
- *Die pad daarheen.* En julle ken die weg na die plek waarheen Ek gaan." ⁵Thomas sê toe vir Hom: "Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan die weg daarheen ken?" ⁶Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie."

3. OP DIE GELOOFSPAD WORD ONS DEUR ONS GODDELIKE MENTOR, DIE HEILIGE GEES, VERGESEL (14: 15-18)

Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, ¹⁷naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.

- Op die pad na die Vaderhuis gaan daar baie uitdagings wees en die Heilige Gees wat in ons woon, gaan as Mentor, Motiveerder, Bemoediger, vertrooster en Vermaner optree. Die Gees van die Waarheid gaan seker maak dat ons op die regte pad na die Vaderhuis bly en dat nie een van ons gaan wegraak of moeg word op pad daarheen.



4. JESUS SE ONDERSTEUNENDE NALATENSKAP: VREDE! (14:27)

- “Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie. Nadat Jesus klaar met hulle gepraat het, sê Hy vir hulle,

“Staan op, laat ons hiervandaan weggaan.” (Johannes 14:30)

Die laaste feesmaal waarna Hy so uitgesien het was verby. Die volgende ete sal in die koninkryk van God wees, die Vaderhuis, waar almal van ons saam met Jesus in die nuwe, opwindende lewe gaan feesvier,

⁷Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee,
want die bruilof van die Lam het aangebreek,
en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak.

⁸God het haar dit vergun om fyn, helder blink klere aan te trek.”

Hierdie fyn klere is die regverdige daade van die gelowiges.

⁹Toe sê die engel vir my: “Skryf op: Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is.” (Openbaring 19)

6. SLOTLIED.

Oorwinningslied

1. Ek sien in my gees die glorie en die almag van die Heer
Die Allerhoogste wat in liefde oor sy Koninkryk regeer
Hy't belowe aan die einde op die wolke kom Hy weer
Hy is Koning, Hy regeer!

Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Hy is Koning, Hy regeer!

2. Die Here is ons Vesting wat vir altyd sal bly staan
Hy beskerm elke mens wat in geloof na Hom toe gaan
Hy's ons skuiling, Hy's ons wapen, Hy het die vyand reeds verslaan
Hy is die Rots wat ewig staan.

Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Hy's die Rots wat ewig staan!



3. Kom deel nou in ons loflied hef jou hande op na bo
Blaas basuine, slaan op tromme en kom dans voor God se oë
Kom leef in die oorwinning van sy Woord waarin ons glo
Want sy Woord sal ewig staan

Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Want sy Woord sal ewig staan.

7. SEËNBEDE

Die Here sal julle seën
en julle beskerm;
die Here sal tot julle redding verskyn
en julle genadig wees;
die Here sal julle gebede verhoor
en aan julle vrede gee! **AMEN!**

8. OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer.

U as gesin kan EFT, of snapsan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

